

## BOEKBESPREKINGS/BOOK REVIEWS

## Besprekingsartikel

C.A. DAVIDS, *Wat lijdt den zeeman al verdriet, Het Nederlandse zeemanslied in de zeiltijd (1600-1900)*, Jan Huyghen-Serie uitgegeven door de Linschoten Vereniging, Martinus Nijhoff, Den Haag, 1980, 165 pp.

C.A. Davids slaat met zijn werk *Wat lijdt den zeeman al verdriet* — dit is een regel uit een bekend zeemanslied — nieuwe wegen in de Nederlandse maritieme literatuur in. Recente publikaties over zeemansliederen van andere naties hebben hem mogelijk gestimuleerd. Er zijn verscheidene bundels met Nederlandse gedichten en liederen van en voor de zeeman verschenen. Het grootste werk is van Dr D F Scheurleer, *Van varen en van vechten* ('s-Gravenhage 1914) in drie dikke delen. Daarna zijn uitgekomen B Cooper en J W F Weumeus Buning, *De zingende walvisch* (waarin slechts één — onbelangrijk — gedicht over een walvis, bij Meulenhoff in Amsterdam, zonder jaar), en Adriaan Morriën, *De muze op zee* (Boekenweekuitgave, Amsterdam 1951). Maar deze bundels geven geen toelichting en Scheurleer mist zelfs een register.

Davids is bij mijn weten de eerste schrijver, die uitvoerig en diep ingaat op de achtergrond en herkomst van het Nederlandse zeemanslied en vele wetenswaardigheden over het leven aan boord mededeelt in verband met de besproken liederen. Hij heeft zich met onvoldoende reden beperkt tot liederen van de handels- en oorlogsvloot en de visserij — waaronder de walvisvaart — het loods- en reddingswezen buiter beschouwing gelaten. Dat is jammer, want het zeemanslied was niet beperkt tot de handels- en oorlogsvloot.

Hij verklaart, dat de *eigenlijke* zeemansliederen een functie *zijn* van de scheepsgemeenschap en ze *hebben* een functie voor deze gemeenschap (p.9). Deze bestaat uit de onderling hecht verbonden en van de buitenwereld tamelijk geïsoleerde scheepsbemanning. De schrijver noemt ze daarom een "totale institutie" analoog aan een klooster, psychiatrische inrichting, kazerne en gevangenis. De scheepsgemeenschap is in de 20ste eeuw dankzij de moderne techniek — onder meer de communicatie met de buitenwereld — veel minder geïsoleerd en minder "totaal", m.a.w. minder hecht geworden. Davids handelt echter over de zeiltijd, toen zij nog een totale institutie was.

Davids beschrijft bondig de herkomst van de zeelieden op de Nederlandse handels- en oorlogsvloten — voor een aanzienlijk deel uit het buitenland, vooral Duitsland en Skandinavië — hun vorming en opleiding en hun werk en leven aan boord. Hij verdeelt zijn materiaal in *eigenlijke* zeemansliederen, door zeelui gemaakt of onder hen zeer populair, en *oneigenlijke*, afkomstig van niet-zeelui en bestemd voor de zeelui. Bij het zoeken naar criteria voor het eigenlijke zeemanslied maakt hij op p.72 de voor Afrikaners interessante opmerking: "Het kan ook een belangrijk gegeven zijn dat een bepaald lied tot het mondeling overgeleverde erfgoed van de Maleiers in Kaapstad behoort of heeft behoort. Onder deze bevolkingsgroep zijn namelijk vele oude Nederlandse liederen blijven voortleven, zij het soms in min of meer verbeterde vorm. De Maleiers hebben ze uiteindelijk meestal van Nederlandse matrozen ontleend. In hun overlevering hebben we dus als het ware de neerslag van wat Nederlandse zeelui destijds gezongen hebben."

Hij verdeelt de eigenlijke zeemansliederen in:

- (1) arbeidsliederen of "shanties" (het Engelse woord)
- (2) rituele of ceremoniële liederen
- (3) liedjes van "vooruit" (d.w.z. van het voorschip, waar de matrozen huisden).

*De arbeidsliederen* waren "haalliedjes" voor het gezamenlijk brassen van een ra of hijsen van een zeil, of andere liedjes, zoals gangspil- of ankerspil-, pomp- en ballast- of losliedjes, welke ik "duw- of stootliedjes" zou willen noemen. Er zijn heel weinig van dit soort in het Nederlands bekend. Ze waren, naar Davids vermoedt, schaars, omdat de Nederlandse matrozen vele "shanties" in het Engels of Nederduits zongen. *Elementaire arbeidsliederen*, bestaande uit rytmische uitroepen onder leiding van een "opzanger", zijn bekend van de Nederlandse oorlogsvloot en schepen der Vereenigde Oost-Indische Compagnie (V.O.C.), evenals van buitenlandse schepen. Men hoort een daarvan aan het begin van het eerste bedrijf in Richard Wagners opera "Der Fliegende Holländer"

Schrijver meent, dat de ontwikkeling van echte "shanties" uit elementaire arbeidsliederen omstreeks 1800 is begonnen op de grote Britse en Noordamerikaanse zeilschepen en dat de meeste "shanties" zijn ontstaan tussen 1820 en 1850/60 (p.40). Na 1800 werd de tuigage namelijk gewijzigd en gerationaliseerd met als hoogtepunt het in gebruik komen van het snelle clipperschip met zijn vele raas en zeilen. De uitvoeriger tuigage schiep grotere behoefte aan "shanties" voor het hanteren van de raas en zeilen. Volgens de schrijver heeft Nederland eerst laat aan deze ontwikkeling deelgenomen. De eerste vertraging was de aanzienlijke in-

krimping van de grote zeilvaart in de Franse tijd, 1795 – 1813, de tweede was de overheersende positie van de Nederlandsche Handel-Maatschappij in de vaart naar Oost-Indië en de geringe eisen welke zij aan de snelheid en doelmatigheid der gecharterde schepen stelde. Toen de Nederlanders na 1813 weer op de oceanen verschenen, vonden zij een groot aantal "shanties" in het Engels en Nederduits beschikbaar en ze zongen deze graag, ook al omdat vele zeelui op Nederlandse schepen buitenlander waren. Weliswaar vond men reeds vóór 1795 vele vreemdelingen op Nederlandse schepen, maar destijds had de Nederlandse taal een sterke positie in de wereldscheepvaart en na 1813 was deze verdwenen (p.46).

Na 1850 nam het percentage buitenlanders op de Nederlandse schepen voortdurend af en werd de toestand dus gunstiger voor het ontstaan van Nederlandse "shanties". Inderdaad onstonden er toen enige, maar spoedig werd de toestand weer ongunstig wegens de opkomst van de stoomvaart, waarin de behoefte aan arbeidsliederen gering was wegens de gevorderde mechanisatie. De stoomvaart leverde slechts enige stokers- en tremmersliedjes, waarvan Nederlandse voorbeelden bekend zijn, totdat de motorscheepvaart ook dit soort gezang overbodig maakte (p.47).

Volgens Davids zijn er meer Nederlandse gangspil- en ballastliedjes dan haalliedjes ontstaan en bewaard. Hij verklaart dit uit de geringere behoefte op de minder gerationaliseerde Nederlandse zeilschepen aan haalliedjes (p.56).

Hij wijst op de interessante nevenfunctie van het arbeidslied vanb "ventielzede", "mental escape" of in eenvoudige Nederlands: zielkundige uitlaatklep voor spanningen, welke in een totale institutie, dus ook in een scheepsgemeenschap, gewoonlijk optreden. Bij het zingen van shanties uitten de deksgasten soms hun wrok jegens slechte behandeling, bijvoorbeeld slecht of weinig voedsel en drank en straffe tucht, of zij luchten sexuele spanningen met obscene liedjes. Zij zongen dat fraais op half- of onverstaanbare wijze, zodat hun superieuren geen aanstoot konden nemen.

Op de Britse oorlogsvloot werd veel personeel door de "pressgang" aan boord gebracht. Dit leidde tot grote ontevredenheid bij de matrozen, welke zich uitten in oproerige "shanties" en soms in muiterij. Daarom werden "shanties" in de 18de eeuw verboden en tijdens het wrk vervangen door vioolmuziek. Zover is men in Nederland nooit gegaan. Daar zorgden de zielverkopers of ronselaars, dat de oorlogs- en V.O.C.-schepen volk kregen en maakte het grote aantal vreemdelingen het arbeidsaanbod ruim en pressen overbodig.

Ik merk hierbij op, dat men de functie van "ventielzede" ook vindt in arbeidsliederen van andere groepen in verdrukking, bijvoorbeeld negerslaven op plantages en in draagkaravanen. Ook zij zongen tijdens hun werk spotliederen in hun eigen taal tegen hun opzichters en meesters gericht, welke dezen meestal niet verstonden. Trouwens, ook Europese bouwvakarbeiders kruidden hun arbeidsliederen, bijvoorbeeld hun heiliedjes, graag met sottende toespelingen op hun bazen en kollega's.

*Rituele of ceremoniële liederen* werden gezongen op belangrijke ogenblikken tijdens het werk aan boord en waren meestal plechtig en traditioneel. Voorbeelden zijn de kwartiersliederen bij het aflossen van de wacht (kwartier) enige malen per etmaal gezongen, soms door de provoost, de pordersliederen om de dagwacht te wekken, en het chirurgijnslied, dat het spreekuur van de heelmeester aankondigde. Ook deze gezangen dienden soms als uitlaatklep door het maken van ondeugende tekstvarianten. Daaraan schrijft Davids het verdwijnen van het chirurgijnslied in de 18de eeuw toe, toen het aanzien van het chirurgijnsvak toenam en de heelmeester allicht op afschaffing van dat soms schimpende lied aandrong. Davids geeft de tekst van zo 'n lied, zoals een Duitser dat in de 17de eeuw op een V.O.C.-schip heeft gehoord, als volgt weer (p.53):

Wann der Meister kommet sein Geld zu hohlen  
 So sollet ihr ihn mit Brecheysen und Hehebäumen bezahlen.  
 Heraus mit Hocken und Mocken\* (\*Scheepshaken en mokers?)  
 Der Chirurgus hat ein Paar Kloote  
 Wie die grosse Marsche Schootsblocken\*\*  
 (\*\*blokken (katrollen) aan de grote mars in de grote mast)

*Liedjes van vooruit* (Engels: forebitters) bezongen vele thema's van het zeemansleven, zoals het werk aan boord, bijzondere scheepsreizen, het verblijf aan de wal, het contact met vrouwen e.d.m., buiten de arbeidsuren aan boord. De zeelieden zongen aan boord vbeel. Zingen was een der "removal activities", evenals sterke verhalen vertellen, dansen, knutselen (op walvisschepen bekend als "scrimshawing") en in mindere mate lezen, om te ontkomen aan de spanningen binnen een totale institutie, ontstaan door het ingeperkte leven in een scheepsgemeenschap.

Bij het zingen werd dikwijls muziek gemaakt. Schrijver vond in boedelbeschrijvingen van zeelui nogal weinig muziekinstrumenten, maar wijst erop, dat aan boord dikwijls deze instrumenten werden geïmproviseerd. Na omstreeks 1850 won de trekharmonica veel terrein op de fluit en de viool.

De sociale functie van de liedjes van vooruit (van de matrozen voor de grote mast) was het versterken van de band binnen de scheepsgemeenschap (m.a.w. van de solidariteit onder de bemanning). Daaruit

verklaart Davids op pp.77 – 78, dat betrekkelijk weinig liedjes van vooruit klagen over slechte verzorging of straffe tucht door onhebbelike scheepsofficieren uitgeoefend. Voor kritiek hierop deden de seremoniële en vooral de arbeidsliederen beter dienst.

Het *oneigenlijke zeemanslied* is door niet-zeelui gemaak en verwerf meestal by zeelui slechts beperkte geweldheid als niet echt genoeg. Davids noemt als soorten: het *nieuwsmediumlid* over opvallende actuele en historiese gebeurtenissen, dat het nuusblad verving zolang dit schaars was en het analfabetisme hoog en dat verdween, toen vanaf 1870 de courant menigvuldig werd verspreid; het *werflied* (d.w.z. aanwerflied), dat propaganda maakte voor het varen en het zeemansleven in skone kleuren beskreef – dit lied vond ingang in de 18de eeuw toen er groeiende skaarste aan zeelui intrad; het *“beter lied”* of *opvoedende lied*, gemaak door aanhangers van de Verligting in de 18de en 19de eeuw voor zeelui, boeren, kinderen en andere groepen. Deze aanhangers wilden het mensdom verbeter en beskouwen de zeeman niet langer als onverbeyerlik. Dit soort lied was opvoedend, moraliserend en vaderlandslievend. Bekend zijn de liedjes van dr J.P. Heije en anderen in de bundel *Kun je nog zingen, zing dan mee!*, bijvoorbeeld Piet Heyn, Fermejogens, stoere knapen, Hollands vlag, je bent mijn glorie. Deze liedjes werden dikwils voorgeschreven in kweeksholen voor de zeevaart en op oorlogsschepen, doch daar dikwils met schieve mond gezongen...

In zijn laatste hoofdstuk gaat Davids het gebruik van het zeemanslied als histories bronnenmateriaal, m.a.w. als spiegel van het gevoelsleven van die zeeman, na. Hij stelt vast, dat 50 van die 138 onderzochte teksten het motief om te varen vermelden en dat ruim die helft behoefte aan geld noemt. Over gebrek aan werk wordt heel zelden geklaagd, d.w.z. er was altijd vraag naar varens volk. Ook over voedsel en drank, tucht en officieren wordt minder geklaagd dan men zou verwachten. Meermalen verneemt men trots op het zeemansberoep als nuttig en onontbeerlik. Davids' gevolgtrekking luidt, dat die zeeman meestal die standenmaatschappij als normaal aanvaardde en dat die solidariteit tussen die lage en hoge rangen aan boord sterker was dan die kritiek.

Het eigenlike zeemanslied verwys uiteraard dikwils na die gevare van die see, zoals schipbreuk en kaperij – dat zijn gezamenlike risiko's – maar zelden of nooit na die talrike bedryfsongevallen en siekten, zoals schieurbuik en epidemieën – dat zijn volgens Davids individueel ondergane risiko's (p.84), welke min of meer los van die schiepsemaatschappij staan. Ik meen, dat zijn verklaring sterker bewys behoeft. Misschien rustte op het noemen van ongevalle en siekten een taboe, evenals op het zingen van “shanties” aan die wal (zoals Davids self vermeldt), en op het noemen van storm, schipbreuk en kapers niet.

Davids heeft 138 echte zeemansliederen onderzocht en opgesomd op pp.146–151 met bronvermelding. Een keuse hieruit – sommige met muzieknote – vershijnt op pp.89–132. Hij heeft een in Nederland uniek en bijzonder belangwekkend werk gepubliseer.

C. DE JONG

*Universiteit van Suid-Afrika*

PAUL KENNEDY, *The Rise of Anglo-German Antagonism 1860–1914*, George Allen en Unwin, Londen, 1980 (verteenwoordig deur Macmillan S.A.). xiv + 604 pp., bibl., indeks, hardeband, R59,50.

Vir studente in die moderne Europese geskiedenis is die naam Paul Kennedy beslis nie onbekend nie. Hierdie vooraanstaande Britse historikus het reeds etlike werke oor die verhouding tussen die Europese moondhede die lig laat sien. Dr Kennedy word vrywel algemeen as 'n gesaghebbende op internasionale betrekkinge vóór 1914 beskou. Die onderhawige werk is sy mees resente, maar ook terselfdertyd mees omvattende bydrae op dié gebied.

*The Rise of Anglo-German Antagonism* is 'n meesterstuk in vakmanskap en sintese. Dit is die resultaat van tien jaar se intensiewe navorsing in 60 Britse en Duitse argiewe. In werklikheid wil die skrywer slegs een vraag beantwoord, naamlik, waarom Duitsland en Brittanje, wat nooit in 'n oorlog met mekaar verwickeld was nie, in 1914 teen mekaar oorlog gevoer het. Ten einde hierdie vraag te kon beantwoord, het Kennedy sy vraagstelling teen die wydste moontlike perspektief geplaas. Sy vraagstelling loop dus nie slegs deur die klassieke “Primat der Aussen- und Innenpolitik” nie, maar omspan 'n totale wisselwerking tussen politieke, ekonomiese en sosiale patrone wat binne- en buitelandse beleid gevorm het. Kortom, Kennedy soek na die strukture wat Britse en Duitse beleid teenoor mekaar te staan gebring het.

Kennedy verdeel sy werk in twee dele. Die een gedeelte bied aan die leser die verhaal van Anglo-Duitse betrekkinge terwyl die ander gedeelte 'n ontleding van die strukture is wat só bepalend op die verhouding tussen die twee state ingewerk het. Die belangrikste strukture wat die skrywer onderskei behels onder meer die ekonomiese verhouding tussen Duitsland en Brittanje, die pers, rol van die politieke partye, godsdienstige en kulturele verbintenisse, die monargie en monargale verhoudings, kolonies en koloniale vraagstukke en die openbare mening.

Op die keper beskou, is baie van die feite en strukture wat Kennedy in hierdie werk aanbied ter verklaring van die opkoms van die Anglo-Duitse vyandskap geensins nuut nie. Dit is byvoorbeeld oorbekend dat Duitsland ná 1871 die ernstigste bedreiging aan die tradisionele Pax Britannica en dié se wêreldposisie daargestel het. Eweneens is dit, veral ná die verskyning van Fritz Fischer se bekende en omstrede werk *Griff nach der Weltmacht: Kriegszielpolitik des kaiserlichen Deutschlands*, 'n aanvaarde feit dat Duitsland se strewe na "Weltpolitik" en die roekelose wyse waarop die Keiser en sy amptenare "Weltpolitik" nagestreef het, onvermydelik op konfrontasie met Brittanje moes afstuur. Die meriete van Kennedy se werk lê egter daarin opgesluit dat hy bekende, en minder bekende, feite in 'n totale geskiedenis tot sintese verwerk. In dié opsig het die skrywer baanbrekerswerk verrig, want ofskoon skrywers soos onder andere P.R. Anderson (*The Background of Anti-English Feeling in Germany, 1890—1902*) en W. Duden (*Die Wurzeln des deutsch-englischen Gegensatzes*) 'n soortgelyke tema behandel het, het hulle bloot op fragmentariese aspekte gekonsentreer. Hierteenoor gee Kennedy die volledige verhaal vanaf die oorsprong in 1860 tot en met die uitbreek van die oorlog in 1914.

Wat Kennedy se gevolgtrekkings betref, dien dit ook daarop gewys te word dat hy geensins radikaal verskil van die tradisionele benadering ten opsigte van die ontstaan en opkoms van die Anglo-Duitse vyandskap nie. Hy stem saam met Fischer, Berghahn, Hillgruber, Hildebrand, Geiss en ander dat die wortel van die Anglo-Duitse vyandskap primêr in Duitsland se ekonomiese en industriële groei ná 1871 gesoek moet word en dat openlike en aggressiewe Duitse hegenomie op die Europese vasteland die *status quo* bedreig het. Duitse ekonomiese vooruitgang het vir die Pax Britannica gevare ingehou wat onvermydelik op 'n botsing tussen die twee lande afgestuur het — ten spyte van godsdienstige, kulturele en monargale raakpunte.

Dit is Kennedy se meesterlike navorsing en analise wat aan sy werk 'n besondere plek gee. Hy bevestig nie slegs bestaande opvattinge nie, maar vul leemtes in bestaande opvattinge aan. Dikwels werp die skrywer nuwe lig op ou denkbearde, soos byvoorbeeld sy deeglike analise van die redes waarom Brittanje tot die oorlog toetree het. Kennedy het bevind dat in teenstelling met die klassieke opvatting dat Brittanje tot oorlog besluit het ná die Duitse skending van België neutraliteit die Britte eintlik op 2 Augustus 1914 "felt committed to joining the war even if Belgium ranged herself on the side of the Germans" (p.462). Vir die Britte het België dus geen direkte rol in hul oorlogsverklaring gespeel nie, maar dit het om die behoud van die *status quo* gegaan (p.470).

Anglo-Duitse vyandskap kan dus slegs begryp word teen die agtergrond van 'n stadige agteruitgang van Britse wêreldmag, wat, ironies genoeg, reeds in 1867 deur sekere Britte raakgesien is, en 'n Duitse vasberadenheid om ten alle koste as "verspätete Nation" deur middel van doelgerigte "Machtpolitik" na wêreldmagstatus te strewe. Aanvanklik was die Duitsers bereid om wêreldmagstatus as bondgenoot van Brittanje te verwesenlik, maar indien die Britte nie tot samewerking oorgehaal kon word nie, was die Duitsers ook bereid om teen Brittanje na "Grossmacht" te streef. Ironies genoeg het die wêreldoorlog van 1914—1918 die stryd nie besleg nie en was die Britse waarborg aan Pole (1939) grootliks 'n herhaling van die Britte se besluit van 2 Augustus 1914.

Kennedy se boek kan ten sterkste aanbeveel word en die enkele leemtes weeg nie op teen die meesterlike geheel van hierdie puik boek nie.

WERNER VAN DER MERWE  
Universiteit van Suid-Afrika

C. MACKERRAS (red.), *China: The Impact of Revolution*, Longmans, Londen, 1976. xi + 273 pp., indeks, illus., R9,00.

Onder redakteurskap van Colin Mackerras het ses skrywers in hierdie bondige werkie China vanuit 'n geografiese, politieke, ekonomiese, kulturele en internasionale verhoudingsoogpunt beskou. Sodoende word die soeklig oor dié oosterse reus vanuit 'n ruim blikveld betrag.

Die aanvanklike opgewondenheid wat gedurende die sewentigerjare geheers het, toe die Weste weer met China betrekkinge aangeknop het, is lank reeds verby, maar die akademiese belangstelling in dié land is geensins iets van die verlede nie. Trouens, die onderhawige werk dien as bewys dat belangstelling in China se lotgevalle al hoe breër uitkring. Hierdie boek fokus op China in die twintigste eeu en wil meer wees as Rankiaanse klassieke hermeneutiese geskiedskrywing. Die skrywers gaan interdisiplinêr te werk en bied 'n beeld van twintigste eeuse China wat tematies, chronologies, vertolkend en informatief is.

Die skrywers kom almal tot die gevolgtrekking dat die jaar 1949, toe die Kommuniste China oorgeneem het, nog steeds — en dit sal waarskynlik nog vir baie dekades die geval wees — die belangrikste waterskeiding in die duisende jaar-oue Chinese beskawing is. Geen ander gebeurtenis het China só totaal oormorm en verander as juis die rewolusie van 1949 nie. Vir die eerste keer in duisende jare is dit van die

Chiniese verwag om hulle totale lewensstyl en eeue-oue tradisies oorboord te gooi. Die legende dat China onveranderlik en onveranderbaar sou wees, het meteens aan skerwe gelê.

Die boek is populêr geskryf en voetnote is tot 'n minimum beperk. Die bibliografie is geensins volledig nie, maar hierdie leemtes doen geensins afbreuk aan die lesenswaardigheid van die boek nie.

WERNER VAN DER MERWE  
*Universiteit van Suid-Afrika*

J.P. COOPER (red.), *The new Cambridge Modern History*, Volume IV: *The decline of Spain and the Thirty Years' War, 1609-48/49*, Cambridge, eerste sagteband-uitgawe, 1979, xxi + 832 pp., indeks, R25,75.

Hierdie monumentale werk oor die eerste helfte van die sewentiende eeu is, soos al die dele in die bekende Cambridge Universiteitsreeks, saamgestel uit bydraes van vermaarde Europese en Amerikaanse historici. Die subtitel van die boek is misleidend. Die inhoud het nie bloot te doen met Spanje en die Dertigjarige Oorlog nie. Die eerste derde handel oor algemene strominge in Europa in die eerste helfte van die sewentiende eeu en oor spesifieke onderwerpe soos ekonomiese toestande, absolutisme, die wetenskappe, godsdienste, oorlogvoering, seemag, die toneel en die gemeenskap. Daarna volg 'n gedetailleerde oorsig oor elk van die Europese state of gebiede afsonderlik, waarby 'n bespreking van die Dertigjarige Oorlog ingesluit is. Die laaste honderd bladsye gaan oor die grensgebiede van Europa: die Ottomaanse Ryk, Europa en Asië, en Europa en die twee Amerikaanse kontinente, waarby ontwikkelinge op daardie kontinente ingesluit is.

Soos die geval met alle saamgestelde werke is, is alle bydraes nie van dieselfde gehalte nie. Sommige skrywers eis 'n groter voorkennis van hul onderwerp van die leser as wat met ander die geval is. Die skrywer van hoofstuk XVIII, "The fall of the Stuart Monarchy", veronderstel dat die leser 'n goeie kennis van Engelse geskiedenis in die vroeë Stuart-tydperk het, en doen nie moeite om die leser met 'n basiese kennis oor die onderwerp toe te rus nie. Die ander uiterste is die skrywer van hoofstuk XX, "The Ottoman Empire 1617-48", se veronderstelling dat sy leser 'n leek oor die onderwerp is. Daarom word volstaan met 'n basiese beskrywing van ontwikkelinge in die Ottomaanse Ryk in die tydperk onder bespreking.

Aangesien al die skrywers kenners is van die onderwerpe waaroor hulle tot die boek moes bydra, kan daar sekerlik aanvaar word dat hulle van die beste beskikbare bronnemateriaal gebruik gemaak het. In al die hoofstukke word daar enkele voetnote gebruik om bronne aan te dui, maar nóg die hoofstukke nóg die boek as geheel bevat 'n bibliografie. Dit is dus nie moontlik om in enige geval vas te stel watter belangrike bronne nié deur die skrywers gebruik is nie.

Die meer as agthonderd bladsye van hierdie boek bevat 'n magdom van gegewens waarmee dosent, onderwyser of student sy kennis oor 'n belangrike tydperk in die Europese geskiedenis kan aanvul. Dit was die tydperk van die Dertigjarige Oorlog, die Engelse Burgeroorlog, die laaste fase van die Tagtigjarige oorlog in Nederland en die beëindiging van die Franse godsdiensoorloë. Dit was die era van Descartes en Harvey, Galileo en Kepler, Rembrandt en Cervantes, Wallenstein en Gustavus Adolphus. Dit sal enige persoon wat informasie oor daardie tydperk benodig, loon om die *New Cambridge Modern History*, IV, te benut.

JACKIE GROBLER  
*Universiteit van Pretoria*

HANNES MEIRING, *Pretoria 125*, Human & Rousseau, Kaapstad, Pretoria en Johannesburg, 1980, 131 pp., illustrasies, R15,50.

Hierdie publikasie is met die oog op die 125ste herdenking van die stigting van Pretoria saamgestel. Die boek bestaan hoofsaaklik uit sketse deur die skrywer self van bekende geboue in Pretoria. Elke skets of groep sketse is enersluidend in Afrikaans en Engels toegelig met interessante brokkies inligting oor die betrokke geboue en noemenswaardige mense wat dit opgerig of bewoon het.

Die publikasie is nie veronderstel om 'n historiese naslaanwerk te wees nie, want die skrywer is 'n argitek en stel, volgens sy eie verklaring, hoofsaaklik in die argitektoniese kenmerke van Pretoria se ou geboue belang. Tog bevat die skriftelike toeligting heelwat wetenswaardige gegewens met die korrektheid waarvan daar oor die algemeen nie fout gevind kan word nie. Drie bekende historici was die outeur in hierdie verband behulpzaam.

Alhoewel 'n mens in 'n publikasie soos hierdie sou verwag dat die skrywer die oprigting van Pretoria

se geboue chronologies sou behandel het, het Meiring verkies om die stad van 'n kant af te benader. Hy het in die weste begin en algaande ooswaarts beweeg terwyl hy dit wat hom opgeval het, geskets het. In die proses het hy wel die mees uitstaande geboue ingesluit, maar die publikasie vorm nie 'n beeld van ontwikkelinge in Pretoria oor 125 jaar nie. Feitlik al die geboue wat beskryf word is gedurende die halfjaar ná 1880 opgerig. Van die nuwe Pretoria aan die einde van die 125 jaar wat onder bespreking behoort te wees is daar slegs 'n sketskaart in die vorm van 'n toekomsblik.

Hierdie kritiek ten spyte, is Hannes Meiring se *Pretoria 125* 'n juweel in die argitektoniese geskiedskrywing van Suid-Afrika. Pretoria se historiese waardevolste geboue word op aantreklike wyse in woord en beeld voorgestel. Die leser se aandag word deurentyd op besonderse argitektoniese aardighede of kenmerke gevestig, sowel as op opvallende geboue waarvan 'n mens in baie gevalle nie bewus was nie. Die outeur en uitgewers verdien gelukwense met 'n waardevolle aanvulling tot Suid-Afrika se boekeskaf.

JACKIE GROBLER  
Universiteit van Pretoria

EILY and JACK GLEDHILL, *In the steps of Piet Retief*, Human & Rousseau, Kaapstad, Pretoria en Johannesburg, 1980, 240 pp., kaarte, diagramme en illustrasies, bibliografie, indeks, R19,50.

Hierdie publikasie is die vierde oor die bekende Voortrekkerleier en in verskeie opsigte die bevredigendste. Gustav Preller se *Piet Retief: lewensgeskiedenis van die grote Voortrekker* verteenwoordig grootliks 'n verdediging van die Afrikaanse vryheidsideaal gedurende die "eeu van onreg". Dit is nie 'n objektiewe historiese werk nie. Dieselfde kan van R.U. Kenney se *Piet Retief: the dubious hero* gesê word. Waar Preller Retief veridealiseer en sy optrede deurentyd verdedig, stel Kenney homself ten doel om Retief se heldebeeld af te kraak en lewer hy deurgaans kritiek op die Voortrekkerleier se daede. J.L.M. Franken se *Piet Retief se lewe in die Kolonie* behandel slegs 'n fase uit Retief se lewe en vorm insgelyks nie 'n volledige biografie nie.

Jack Gledhill is 'n fisikus en sy vrou Eily 'n plantkundige. Aangesien geeneen van hulle formele geskiedenisonderrig ontvang het nie, het hulle nie gepoog om 'n standaardwerk oor Piet Retief te skryf nie. Die teks bevat gevolglik geen voetnote nie en die leser is op die bibliografie aangewese. Hulle doel was bloot om 'n "merkwaardige mens" in 'n objektiewe publikasie aan die Engelstalige publiek voor te stel. Die eindprodukt is egter geensins 'n oppervlakkige vertelling oor Retief se lewe nie. Die skrywers het al die gebiede waar Retief aktief was, besoek en ondersoek. Skygbaar het hulle, behalwe vir naslaanwerk in die Kaapstadse Akteskantoor in verband met Retief se eiendomme, geen argiefnavorsing gedoen nie. Die publikasie berus grotendeels op sekondêre bronne.

Hierdie navorsingsgebrek ten spyte, skep *In the steps of Piet Retief* die indruk dat dit 'n krities-gefundeerde werk is. Die skrywers is die onderwerp van hulle navorsing simpatiek gesind, maar skroom nie om hom oor sekere daede te kritiseer nie. Die volgende is 'n voorbeeld daarvan. "Retief, with that genius for complicating his life-story" (p.75) het gereëld in die 1820's om finansiële redes in die hof beland. "His attitude to court rulings throughout this period is difficult to understand. He would be sentenced to pay, ignore it, eventually have goods seized and sold, and so end up paying far more in costs and interest than would have been the case if he had sold the goods himself and settled the debt in the first place". (p.91). Ins-gelyks verdedig hulle vir Retief waar kritiek op hom na hulle mening ongeregverdig is. Wat betref die Trekkerleier se besluit om in Januarie 1838 op die noodlottige tweede besoek na Dingane te vertrek, stel hulle die saak só: "Retief, under tremendous pressure owing to the struggle for leadership, and acutely aware of the dangers of division among the Trekkers, felt that he, in person, had to conclude the deal with Dingane..." (p.199)

Die boek is foutloos gedruk. Die kaarte en diagramme is waardevolle hulpmiddels en die talle foto's dra by tot die aantreklikheid van 'n netjiese publikasie. *In the steps of Piet Retief* hoort tuis in die boekery van enigiemand met 'n belangstelling in die pioniersgeskiedenis van die Kaapse oosgrens en die ontplooiing van die Groot-Trek.

JACKIE GROBLER  
Universiteit van Pretoria

ERWIN A. SCHMIDL, *Oesterreicher im Burenkrieg, 1899—1902*, proefschrift Universiteit van Wenen, 1980, 400 pp. geill.

Niet slechts in Zuid-Afrika en Britannië bestaat thans meer dan voorheen grote populaire belangstelling voor de Tweede Anglo-Boerenoorlog, maar ook in andere landen, voor welke deze oorlog ver weg en van weinig

betekenis is geweest. Op de verklaring van deze merkwaardige belangstelling zal ik hier niet ingaan. In Oostenrijk is onlangs de vijfde academische verhandeling over deze koloniale oorlog lang geleden sinds 1943 verschenen. Het is het proefschrift van Erwin A. Schmidl, een bijzonder degelijk werk, voorbereid door archiefonderzoek in Oostenrijk, Brittannië en Zuid-Afrika, familievorsing in Oostenrijk en een uitvoerig bezoek aan musea en slagvelden in Zuid-Afrika.

De 24-jarige schrijver begint met een schets van de Zuidafrikaanse geschiedenis voor zijn landgenoten, waarin enige opmerkingen sommige Afrikaners allicht zullen mishagen. Op p.21 leest men: "...auch mit brutaler Gewalt wurde die eingeborene Bevölkerung ... unterworfen"; van de onverhoedse aanvallen door Matabelen en Zoeloes op de Voortrekkers wordt in dit verband met geen woord gerept. De Zoeloes zijn nooit bondgenoten der Voortrekkers tegen Silkaats geweest, zoals wel op p.18 wordt beweerd. Op p.18 wordt het Afrikaans een mengtaal genoemd, hoewel elke taal zo betiteld dient te worden; nauwkeuriger is, het Afrikaans als rechtstreeks afstammend van het 17de-eeuwse dialect der provincie Zuid-Holland te noemen. Van verzet der Nederduits-Gereformeerde kerk tegen zending en het Engels als officiële taal weet ik niet (zie p.20). Op p.23 leest men het bekende misverstand, dat in de jaren 1890-99 in Transvaal meer Britten dan Boeren woonden. Op p.138 heet het, dat met de geregelde oorlog in 1900 "der eigentliche Krieg" al voorbij was, en op pp.147-148 en 335 wordt de sluipoorlog (guerrilla) der bittereinders zinloos genoemd; hier bespeurt men de 19de eeuwse onderschatting van de sluipoorlog; de 20ste eeuw heeft anders geleerd. Op p.146 heet lord Roberts bij Boeren en Britse soldaten evenzeer geacht; ik meen echter, dat Roberts bij de Boeren nog meer dan Kitchener gehaat was. Op p.150 leest men het bekende Engelse verwijt, dat Boerenvrouwen in de kampen hun zieke kinderen groen verfdin, bewijs van haar achterlijkheid; de Britten kenden echter de groene bloekomzalf (Eucalyptusblaren) als huismiddel der Boeren niet.

Uit deze aanhalingen blijkt, dat nauwkeurige geschiedschrijving over Zuid-Afrika nog steeds moeilijk is. Het kan ook moeilijk anders met het oog op de vier soorten ideologisch bepaalde historiografie van Zuid-Afrika ... Overigens is het werk van Schmidl objectief en nuchter en betrekkelijk vrij van gangbare vooroordelen.

Hij begint zijn werk met een opsomming van consulaire en eerst veel later diplomatieke vertegenwoordigers der Donau-monarchie in Zuid-Afrika. Interessanter is zijn beschrijving van de vrijwilligers en militaire attachée uit de Donau-monarchie in de Zuidafrikaanse oorlog. Een werk als het zijne omvat in hoofdzaak min of meer volledige biografische schetsen, maar deze betreffen merendeels kleurrijke figuren. Schmidl heeft voor de Oostenrijkers en Hongaren gedaan wat Allan Winquist enige jaren geleden voor de Skandinaviers in Zuid-Afrika heeft gepubliceerd.

Wat beiden over deze volken in Zuid-Afrika meedelen, geldt m.i. voor een groot deel ook voor andere Europese naties in dat land. Schmidl vermeldt, dat de immigranten en oorlogsvrijwilligers uit Oostenrijk-Hongarije uit alle bevolkingsklassen stamden en te onderscheiden zijn in immigranten, die reeds enige jaren waren gevestigd en derhalve min of meer vertrouwd met land en volk van Zuid-Afrika waren, en nieuwelingen kersvers uit Europa, die in een geheel vreemde wereld belanden. Hij wijst op de veelheid van motieven om in Zuid-Afrika te gaan vechten tegen de Britten. Men vindt deze motieven overigens bij alle Europese naties, die in Zuid-Afrika in de oorlog opdoken. Mijns inziens terecht meent Schmidl, dat slechts een minderheid onder immigranten en nieuwelingen werd bezielde door idealisme om de zaak der Boeren als kleine, bedreigde natie te verdedigen. Ik geloof, dat de in 1899 heersende werkloosheid heelwat jonge immigranten tot dienstneming bij de Boeren heeft gebracht, omdat zij in krijgsdienst kosteloos kleding en voedsel ontvingen.

Schmidl wijst voorts op de fin-de-siècle-stemming bij sommige Europese intellectuelen, welke hen naar Zuid-Afrika dreef, zoals de Oostenrijkse militaire attachée Robert Trimmel (p.218), graaf Adalbert von Sternberg (p.256) en de Franse kolonel G. de Villebois-Mareuil. Zij beschouwden Europa als verdorven en sommigen van hen hielden de Boeren voor een onbedorven, moreel hoogstaand natuurvolk. Deze Boerenvereerders ondervonden echter, mede wegens de koele ontvangst door de Boeren, de grootste ont-nuchtering van hun leven. Onder de buitenlandse vrijwilligers waren namelijk zoveel zelfzuchtige avonturiers en buitzoekers, dat de Boeren spoedig hen allen wantrouwden. Zij minachtten trouwens alle buitenlanders wegens hun gebrek aan veldkennis.

De volgende categorie bestond uit de zwarte schapen uit goede Europese families, die in hun land waren mislukt. Onder hen treft men verscheidene officieren aan; Schmidl noemt van hen de Oostenrijkers en Hongaren Robert Birnbacher, Anton baron von Goldegg, hoofd van het Oostenrijks-Hongaarse korps, baron Felix Luzsenszky, Tibor Péchy, neef van paus Leo XIII, en anderen. Sinds 1871 was in Europa en Noord-Amerika geen oorlog gevoerd en vele beroepsofficieren verveelden zich, leefden te royaal in verhouding tot hun matige soldij en vertrokken naar het oorlogstoneel in Zuid-Afrika uit lust naar militair avontuur of ná degradatie wegens schulden of wangedrag. Velen van hen verwachtten van de Boeren het bevel over een afdeling en hoge soldij te ontvangen, maar moesten als gewoon burger zonder betaling dienen. Na hun terugkeer in Europa hebben sommige van deze zwarte schapen zich als officier bijzonder in

Wereldoorlog I onderscheiden, zoals Von Goldegg en Birnbacher.

Dank zij de dienststaten van officieren in de militaire archieven is Schmidl meestal over de officieren veel beter ingelicht dan over de burgerlijke vrijwilligers of "Zivilisten" onder de Oostenrijkers, van wie hij uitvoerig de journalist Frank Seiner aanhaalt.

Schmidl noemt op pp.298 – 308 ook Oostenrijkers als vrijwilligers in het Britse leger in Zuid-Afrika, namelijk de officieren August J. Meyer en Viktor baron Ramberg, alsmede Lajos Vadasz.

Sommige buitenlandse vrijwilligers in Zuid-Afrika vochten dapper en verloren daar leven of gezondheid, andere vermeden elk gevaar, sjacherden en stalen en behoorden tot de "schlachtenbummler", die de strijders naar het front volgden, maar zich buiten de strijd hielden en buit zochten. De Britse pers noemde alle buitenlandse vrijwilligers "mercenaries" of huursoldaten. Zij ontvingen echter geen cent soldij van de Boeren, doch sommigen bezaten de mentaliteit van landsknechten. Schmidl beschrijft op pp.312 – 315 kort hun soort in Afrika tijdens de dekolonisatie-oorlogen in Afrika sinds 1960; hij noemt hen de "wilge ganzen" of "dogs of war". De Britse pers overschatte hen als militaire raadgevers der Boeren, verantwoordelijk voor de aanvankelijke overwinningen der Boeren in 1899, of onderschatte hen als gevechtsschuwe buitenzoekers.

Een afzonderlijke categorie vormen de Europese medici, die de Boeren dikwijls voortreffelijk hebben bijgestaan, sommigen ook tijdens de ontberingsvolle sluipoorlog. Schmidl vermeldt van de laatstgenoemden de Oostenrijkse artsen Florian Albrecht, Simon Benz en Sigmund Kaufmann.

De laatste categorie buitenlanders bestaat uit de militaire attachés bij de Britse en republikeinse legers. Zij waren beroepsofficieren, door hun generale staf naar het oorlogstoneel in Zuid-Afrika gezonden om verslag daarover uit te brengen, zoals in de 19de eeuw gewoonte werd. Zij waren merendeels als waarnemers goed gekozen en sommigen hebben ook interessant journalistiek werk verricht. Van de meesten is de loopbaan nauwkeurig bekend.

Schmidl somt de attachés in het kort op en wijdt uiteraard de meeste aandacht aan de Oostenrijker Robert Trimmel bij het Britse leger. Hij geeft een levensbeschrijving van deze intelligente officier. Trimmel deed dezelfde ervaring op als zijn jonge collega's in Zuid-Afrika, met name de Nederlander L.W.J.K. Thomson en de Noor Julius Allum. De oorlog in Zuid-Afrika leerde hen om parade-gymnastiek gering te schatten en zelfstandig dekking zoeken, rij- en schietvaardigheid van de soldaat en de betekenis van snelvurend geschut te beklemtonen. Zij vonden met deze nieuwigheden slechts weinig aanhang bij oudere, thuisgebleven officieren, die ten hoogste krijgsoverleving in de Frans-Duitse oorlog in 1870/71 dertig jaar tevoren of in oorlog tegen primitieve inboorlingen in koloniën hadden opgedaan. De uitvoerige verslagen van militaire attachés over Zuid-Afrika zijn van commentaar voorzien, door sommigen met instemming, door anderen met twijfel, omdat oorlogvoering in Europa zo geheel anders zou zijn als in Zuid-Afrika. Er is levendig, doch kort gediscussieerd in bijeenkomsten en tijdschriften van officieren. Daarna kwam de veel belangrijker Japans-Russische oorlog en de verslagen over Zuid-Afrika verdwenen in de archieven. Het is een open vraag, wat en hoe Europese officieren van de oorlog in Zuid-Afrika hebben geleerd; ik vrees niet al te veel. Eerst sinds enkele jaren diepen schrijvers over die oorlog de verslagen op uit de archieven, stoffen ze af en publiceren ze, voorzien van commentaar in het licht van de afgelopen 70 jaar.

Uit Schmidls werk blijkt, dat dit lot ook Trimmel en zijn bijzonder uitvoerige verslag heeft getroffen. Ondanks de belangstelling van de keizer en de aartshertog hebben de hoge officieren zijn opmerkingen vrijwel genegeerd en zijn voortzetting van contact met die Britse leger ontmoedigd. Hij heeft als overste in Wereldoorlog I zich dapper en bekwaam gedragen, is meermaals onderscheiden en 88 jaar oud te Wenen overleden.

Schmidl gaat niet in op de inhoud van Trimmels uitvoerige, ongepubliceerde verslag van de oorlog in Zuid-Afrika. Misschien vindt hij Trimmels verslag te omvangrijk voor bespreking en belangrijk genoeg om in een afzonderlijke publikatie te behandelen.

Schmidl heeft een zeer verdienstelijk en degelijk proefschrift geschreven. Het verdient te worden vertaald om het een grotere lezerskring te verschaffen.

C. DE JONG

*Universiteit van Suid-Afrika*

IAN UYS, *Heidelbergers of the Boer War*, eigen uitgave, gedrukt te Kaapstad in 1981, 277 pp., met afbeeldingen en register, prijs gebonden R19,95 postvrij.

Vele Britse regimenten hebben de geschiedenis van hun deelname aan de Tweede Anglo-Boerenoorlog, 1899 – 1902, te boek laten stellen, maar verslagen over het optreden der afzonderlijke Boerenkommando's in deze oorlog zijn schaars. Ik weet van slechts twee ongepubliceerde verhandelingen over Boerenkommando's, dié van Carolina en van Krugersdorp. Het is daarom verheugend, dat Ian Uys een tamelijk omvangrijk werk over het kommando van Heidelberg in Transvaal (er is ook een Heidelberg in de Kaap



provinsie) heeft gepubliceerd. Hij heeft voorheen een boek over de geschiedenis der familie Uys in Zuid-Afrika en een over de verkrijgers van het Victoriakruis in Zuid-Afrika laten verschijnen, en is een nauwgezet navorser. Als officier van het huidige Heidelbergse burgerwachtkommando is hij nauw betrokken bij de geschiedenis van de voorloper daarvan tijdens de Zuid-Afrikaansche Republiek. Dit was een der bekendste afdelingen in de republikeinse strijdkrachten en actief in elke oorlog, waarin Transvaal betrokken was. Dit is door Conan Doyle, schrijver van *The Great Boer War* en de Sherlock-Holmes-verhalen, betiteld als "corps de élite".

Maar Uys verdoezelt niet, dat de Heidelbergers gelijk de andere kommando's zowel hun glorievolle als beschamende dagen hebben beleefd en dat zij niet alleen dappere en bekwame, maar ook slappe, onbekwame officieren hebben gehad. Onder de laatstgenoemden is kommandant J.D. Weibach, die zijn roem van de Eerste Anglo-Boerenoorlog (1880—81) heeft overleefd en is afgedankt en vervangen door S.B. (Fanie) Buys.

Heidelberg is een landelijk, lieflijk dorp aan de voet van de Suikerbosrand, nog vrij van fabrieken ondanks de nabijheid van de Witwatersrand. Uys geeft een kroniek van het optreden van de Heidelbergers aan de verschillende fronten, afgewisseld met persoonlijke belevenissen van inwoners van het dorp, van bittereinders, die vchten tot de vrede van Vereeniging, "hensuppers" en "joiners", dat zijn overlopers en handlangers van de Britten — naar hun witte hoedbanden "witkoppes" genoemd —, dorpelingen in concentratiekampen, onder wie zelfs de Britse dorpsdokter en zijn Schotse vrouw, en Britse officieren die tegenover Heidelbergers hebben gestaan en meermalen hun respekt hebben betuigd. Deze mensen vormen een mikrokosmos van een dorp in de Boerenrepublieken. Opvallend groot is het aantal Engelse en vooral Schotse namen onder de burgers, ook bij de Heidelbergers. Zij waren van Britse immigranten of hun zoons, die de zijde der republieken kozen en dikwijls uitblonken door dapperheid en overleg.

Er waren heelwat bittereinders onder de Heidelbergers. Uys bericht over hevige gevechten tot kort voor de vrede, waarbij de Britten herhaaldelijk gevoelige verliezen leden. Het zou onjuist zijn aan te nemen, dat de sluipoorlog (mijn vertaling van "guerrilla") tijdens de langdurige vredesonderhandelingen in maart—mei 1902 verslaptte; de bittereinders vchten onverminderd fel door.

Uys geeft veel aandacht aan de aanvoerders der Heidelbergers, onder wie generaal Cornelis Spruyt, gesneuveld, kommandant Fanie Buys, gewond en gevangen, en veldkornet Salmon van As, na de vrede in juni 1902 wegens beweerde oorlogsmisdaad terechtgesteld en als martelaar beschouwd, temeer daar de Britse regering enige jaren later de gebreken van het vonnis heeft erkend. De grote dichter C. Louis Leipoldt heeft een gedicht aan Van As gewijd, waarvan een vertaling in het Engels op pp.263—264 verschijnt. Uys heeft zijn boek in het Engels gepubliceerd en dat is begrijpelijk, want hij bereikt daardoor een veel groter afzetgebied.

De krijgshistoricus zal allicht een minder anecdotisch, systematischer, militair gericht overzicht van de krijgsoperaties der Heidelbergers wensen. Maar zo 'n overzicht is moeilijk te geven, even moeilijk als een overzicht van de sluipoorlog 1900—1902 in zijn geheel wegens het grote aantal operaties van vele kleine afdelingen over een zeer uitgestrekt gebied.

Ik ben persoonlijk bij de voorbereiding van Uys' boek betrokken geweest door onze navorsing naar kommandant Fanie Buys, wiens levensschets ik heb opgesteld voor het *Suid-Afrikaanse Biografiese Woordeboek*. Met Mnr. Uys en mijn zoon Robert heb ik de gelijknamige kleinzoon van de kommandant bij Heidelberg bezocht. Tezamen hebben wij de plaats van Fanie Buys' laatste gevecht bij de Vaalrivier en zijn graf op de familiebegraafplaats bezocht. Fanie Buys' zoon Leonard as een bittereinder. Hij is evenals zijn vader en later zijn zoon (naamgenoot van Fanie Buys) kommandant van het Heidelbergse kommando geweest.

Uys heeft zijn boek goed gedocumenteerd, onder meer met een opsomming van de levensloop der burgers, die na de oorlog naar Heidelberg zijn teruggekeerd, met een lijst van gevallen Heidelbergers en van hen die de Dekoratie voor trouwe dienst 1899—1902 hebben ontvangen, onder wie Fanie Buys postuum. De afbeeldingen zijn goed gekozen en gedocumenteerd. De schrijver verdient een compliment voor dit werk.

C. DE JONG  
Universiteit van Suid-Afrika

JAN BOYAZOGLU et LOUIS DE NEUVILLE, *Les faïences de Delft*, Jacques Grancher, Parys, 1981. 303 pp., prys 275 Fr.

Die Eerste Landbouraad van die Suid-Afrikaanse ambassade in Parys, Dr J. Boyazoglu, en 'n Fransman, Louis de Neuville, het saam die boek *Les faïences de Delft* saamgestel en in Parys gepubliseer. Dit is merkwaardig dat 'n Suid-Afrikaner, gehelp deur 'n Fransman, hierdie uitvoerige, pragtig verlugte werk oor

'n tipies Nederlandse onderwerp geskryf het en 'n Franse uitgewer daarvoor gevind het om die kosbare boek sonder winsbejag te publiseer. Die boek tel 303 bladsye, waarop 209 afbeeldings in swart-wit en 110 in kleur.

Dr J. Boyazoglu is in Egipte uit Griekse ouers gebore en in Suid-Afrika opgelei. Danksy sy geboorte ken hy 'n groot aantal Europese tale en het hy met Nederlands geen moeite nie. Hy besit 'n opvallend wye kulturele belangstelling. Hy het in Suid-Afrika heelwat Delftse erdewerk gesien en sy belangstelling hiervoor kon in Europa gerieflik verdiep word. Die skepe van die Verenigde Oost-Indische Compagnie het via Suid-Afrika eeue lank Oos-Asiatiese porselein na Nederland gebring. Hierdie "chine de commande" is na die Kaapse tussenstasie ook Kaapse porselein genoem en het in Europa soveel aftrek gevind dat die Delftse plateelbakkers dit nagevolg het, in massa vervaardig het en ook Nederlandse, Italiaanse en Franse versierings toegepas het.

Vanouds is in Suid-Afrika veel Chinese porselein en Delftse plateel aangekoop en bewaar, want dit was daar ewe gewild as in Europa. Cecil Rhodes het ywerig "Delftware" versamel om sy spoghuis "Grootte Schuur" in Kaaps-Hollandse styl passend te versier.

Dr Boyazoglu het voorheen verskeie artikels oor Delftse erdewerk gepubliseer en met De Neuville 'n nuwe mooi werk aan die oorvloedige vakliteratuur oor hierdie plateel toegevoeg. Hulle het geskryf oor die ruim 40 plateelbakkerye in Delft afsonderlik en oor hul waremerke, oor die vorme, kleure en versierings van die gewilde "Delfts", die imitasies, kopieë en vervalsings en oor die analogieë van Delfse plateel in die buiteland – 'n moeilike onderwerp. Verdienstelik is die verwysings na die geskiedenis van die Nederlandse republiek, hoewel die skrywers hulle ietwat vergis in die ingewikkelde partyverhoudings in die Patriottetyd, en na die oorsake van die agteruitgang van die Delftse plateelbakkery. Die oorsake is die vonds van die Chinese wyse van porseleinvervaardiging in Duitsland, die daaruit voortgekome mededinging van nuwe porseleinfabriek in die buiteland (Sevres, Meissen, Kopenhagen) en veral van die baie goedkopere Engelse porselein (Wedgwood).

Al is die boek in Frans sal die liefhebber en versamelaar van Delftse erdewerk veel genoeg daaruit skep en bekende eksemplare in Suid-Afrika afgebeeld sien.

C. DE JONG  
*Universiteit van Suid-Afrika*

OLAV GUTTORM MYKLEBUST, *H.P.S Schreuder, Kirke og misjon: Gyldendal Norsk Forlag, Oslo, 1980, 431 pp.*

Die skrywer van hierdie lywige boek het baie jare as sendeling van die Lutherse kerk in Suid-Afrika deurgebring en was in 1862–73 professor in die sendingwetenskap in Noorweë. Sy hier besprekte werk is in Noors. Dit betref biskop Hans Paludan Smith Schreuder, gebore te Sogndal in Noorweë in 1817 uit 'n geslag van hoë amptenare en geestelikes, oorlede in Zoeloeland in 1882. Hy geld as die apostel van Zoeloeland. Sy betekenis word myns insiens in Suid-Afrika nog onderskat. Hy was in die Noorse sendinggeskiedenis 'n omstrede figuur, veral weens sy breuk met die Noorse sendinggenootskap te Stavanger in 1873. Sommige skrywers beskou hom as 'n hoogkerklike, konservatiewe outokraat wat van die Noorse sendinggenootskap weggebreek het toe daarin liberale, demokratiese strominge invloed gewen het. Andere is egter van mening dat hy stellig geen anglikaniserende hoogkerklike verkrampte in die Lutherse kerk was nie. Hulle teken 'n genuanseerder, gematigter beeld van Schreuder, wat representatief vir 'n kragtige behoudende stroming in die Noorse Lutheranisme in die 19de eeu was. Myklebust behoort tot die tweede groep wat meer waardering as kritiek vir Schreuder laat blyk.

Myklebust begin met 'n lewenskets van die biskop en gee daarin min aandag aan details van Schreuder se pionierswerk in Natal. Hy konsentreer op die stryd om Schreuder in Noorweë. Hy behandel op pp.83–323 op baie deeglike wyse Schreuder se opvattinge oor sowat alle denkbare vraagstukke van die Lutherse kerk se sending en sy verhouding tot ander sendinggenootskappe in Natal asook die aanleiding tot sy ontslagdiening by die Boorse sendinggenootskap in 1873.

Myklebust beklemtoon die konflikte, wat die reël was in besture van sendinggenootskappe en tussen die hoofbesture in Europa en die werkers op die sendingveld. Die afstand tot die veld was groot, die verbindings gebrekkig, die moontlikjede van misverstande en wrywing\* tussen sterk gegaarde personeel talloos. Dit was vir mense in Europa amper onmoontlik om 'n juiste beeld van die toestand op die sendingveld te kry en daarvoor bruikbare aanwysings te verskaf.

Myklebust beskryf die drie aanleidinge tot Schreuder se ontslagname by die Noorse sendinggenootskap in 1873. Die eerste was die swaar las van die administrasie wat die hoofbestuur in Stavanger op Schreuder as hoof op die sendingveld gelê het. Die tweede was die moeilikheid vir Schreuder om die Noorse sending op Madagaskar se bestuur omdat daar geen gereëde verbinding met die ver eiland was nie; daarby het gekom: die afkeuring deur die hoofbestuur van maatreëls wat Schreuder noodgedwonge buite die hoofbestuur om vir Madagaskar geneem het, en die eiegeregtige optrede van die origins heel bekwame

sendeling Lars Dahle op Madagaskar – Dahle het later die nogal outoritêre sekretaris van die Noorse sendinggenootskap in Stavanger geword; op die ereplek van sy standbeeld voor die sendingskool te Stavanger moes eintlik Schreuder gestaan het.

Die derde aanleiding was die strewe van die hoofbestuur om in die jaarlikse vergadering van Noorse sendelinge in Natal die invloed van biskop Schreuder te verminder, onder meer deur erkenning van besluite met eenvoudige meerderheid van stemme geneem. Die biskop het hom kragtig verset teen hierdie uiting van die liberale, demokratiese stroming wat na 1870 in die Noorse Lutherse en die Noorse sendinggenootskap veld gewen het. Schreuder het "inspraak" deur sy kollegas verwelkom maar die meerderheidsbeginsel as te demokraties afgewys.

Myklebust het Schreuder uitvoerig belig en baie tot die kennis van en begrip vir hierdie groot figuur bygedra. Sy werk is baie insiggewend, hoewel geen ligte lektuur nie.

C. DE JONG  
*Universiteit van Suid-Afrika*

U.M.U. SCHOLZ, (red.), *Phafa — Nyika*, Kunsargief, Universiteit van Pretoria, 1980, pp. 148, illus. R9,00.

Die tradisionele Swartman leef in 'n tydloosheid waarin die verlede en die hede vermeng is en uit hierdie lewenstyl is sy kuns ook gebore. Buitestaanders vind dit gevolglik dikwels moeilik om te verstaan en daarom kan Westerse standaarde van kunsbenadering en beoordeling dus ook nie op die Swartman se kuns toegepas word nie.

Industrialisasie en die gepaardgaande verstedeliking ook van die Swartman, het egter drastiese veranderings in sy lewenspatroon meegebring. Binne enkele dekades moes hy van 'n rustige agrariese bestaan oorgaan na die snelle tempo van die stad. Dit sou ook ekonomiese en veral sosiale verandering bring wat deur die stedelike Swartman verwerk moes word. Nie alleen het sy stamverband verswak nie, maar sy aanpassing by die Europese lewenswyse en Westerse opvatting was ewe moeilik. Dit sou noodwendig ook sy kuns beïnvloed.

Die Departement Kunsgeskiedenis aan die Universiteit van Pretoria het gevolglik onderneem om te probeer bepaal watter komponente van die tradisionele Bantoe-kuns in die verstedelikingsproses verlore gegaan het en watter komponente oorgebly het. Hulle het verder probeer uitvind in hoeverre die moderne Swart kunstenaar die Europese en Amerikaanse styl navolg of daarby aanpas, en of hy 'n selfstandige rigting volg wat tiperend Suid-Afrikaans is.

Vir die doel van die ondersoek is die werke van agt swart kunstenaars in Pretoria en op die Rand bestudeer. Die kunstenaars is willekeurig gekies, maar kom ooreen omdat hulle almal in die mees geïndustrialiseerde gedeelte van die land woonagtig is. Die bevindinge van hierdie studie word wat in bogenoemde werk uiteengesit word, is baie insiggewend.

Die kunswerke omvat sowel tradisionele as eietydse temas. Dit is veral die mens wat die Swart kunstenaar se belangstelling gaande maak. Die werke neig na die spontane en subjektiewe, maar as gevolg van 'n gemis aan behoorlike opleiding is daar 'n opvallende tekort aan goeie vakmanskap. 'n Uitsondering is te bespeur in die werke van diégene wat opleiding geniet het by die Polleystraat-Kunssentrum in Johannesburg, onder leiding van die vooraanstaande Suid-Afrikaanse kunstenaar, Cecil Skotnes.

Vanselfsprekend speel ekonomiese omstandighede 'n belangrike rol in die uitvoering asook die temas van die werke. Dikwels kan die kunstenaars nie die materiaal bekostig vir hulle werke nie, of die temas is gekies vir die populêre mark. Die gevolg is dat werke van laer gehalte gelewer word wat dan as kuriositeite veral aan buitelandse besoekers verkoop word. Die handelaars in die kunshandel lê hulle egter nog uitsluitlik toe op werklike goeie werke. Swart kunstenaars lewer dan ook 'n belangrike bydrae tot die huidige Suid-Afrikaanse kuns.

In die werk word ook 'n pleidooi gelewer vir die skep van beter omstandighede vir Swart kunstenaars. Veral opleidingsgeleenthede kan verbeter word. Ook kan gevestigde kunstenaars met raad, opbouende kritiek, en aanduidings van rigtings en moontlikhede, 'n groot bydrae lewer om die standaard van die werke van Swart kunstenaars te verhoog.

Die outeurs kan geluk gewens word met hierdie puik werk. Heelwat gegewens is opgediep en belangrike afleidings is gemaak. Die illustrasies is goed gekies en lig die teks uitstekend toe. Die boek bevat 'n omvattende bibliografie, maar ongelukkig nie 'n register nie. Daar word gehoop dat die ondersoek sal voortgaan en dat die werk slegs die begin sal wees van veel intensiewer navorsing oor 'n onderwerp waarvan ons nog weinig weet.

F.G.E. NILANT  
*Universiteit van Pretoria*

T. HOFFSLOOT en C. PAMA, *Cape Wine Homesteads*, Ad. Donker, Johannesburg, 1980, 120 pp. illus., R29,95.

Daar het reeds baie boeke verskyn oor die ou Kaapse plaashuise en die geboue met hulle geskiedkundige en estetiese agtergrond is herhaaldelik nagegaan en in besonderhede beskryf. Nogtans het dr Pama daarin geslaag om die onderwerp vanuit 'n frisse en oorspronklike gesigspunt te benader, nl. in verband met die praktiese gebruik van hierdie plekke. Dit was in die belang van die Oos-Indiese Kompanjie om sy seeliede tydens hulle verblyf aan die Kaap behalwe rus ook 'n bietjie gerief te bied. Dit het spoedig tot 'n vraag na beter woonhuise gelei. Die meeste huise het uit 'n grondvloer en 'n grasdak bestaan, maar reeds aan die begin van die 18de eeu was baie van die plekke heeltemal gerieflik. Die huise is meesal om taamlik vaste grondplanne gebou, maar 'n verskeidenheid gewels het die huise verskillend laat vertoon. Die winkelders is in dieselfde styl as die woonhuise opgerig.

Drie jaar na die landing van Jan van Riebeeck het die eerste druiwestokke na die Kaap gekom en vier jaar daarna is die eerste wyn gemaak. Die nouliks honderd stokke waarmee in die middel van die sewentiende eeu begin is, sou egter teen 1795 tot nege miljoen aangroei. Alhoewel die Kompanjie en later ook die vryburgers die belangrikheid en die moontlikhede van die wynbou besef het, was Simon van der Stel die eerste goewerneur wat persoonlik kennis van wynbou gehad het.

Die Kaap het goeie druiwe opgelewer maar die wyn was minder suksesvol. Dit was hoofsaaklik bestem vir die skeepsvolk van verbygaande skepe en vir die slawe. Tog is daar ook 'n bietjie uitgeoever. Daar was egter geen prysverskil tussen goeie en swakker wyn nie en gevolglik was daar nouliks aanmoediging om na beter kwaliteit te strew.

Eers in 1885 het 'n ondersoek en verslag van baron Carl van Babo die eerste deskundige stap in die rigting van 'n wetenskaplike bedryf gevorm. Nogtans is die KWV eers in 1918 in die lewe geroep, waarna behoorlike reëlings getref kon word in verband met prys en oorskot. Alhoewel wynbou na buite 'n romantiese indruk maak, is dit vandag 'n gespesialiseerde wetenskaplike bedryf.

Dr Pama verskaf in hierdie werk 'n oorsig van die belangrikste wynsoorte. Hy bespreek ook 48 wynplase, hul eienaars, die verbetering wat elkeen aangebring het, wat hulle tot die wynbedryf bygedra het, watter metodes gevolg is en hoe die wynstok behandel is. Ons verneem ook van besoekers en hulle indrukke van die ouer wynplase. Sommige van die plekke is nie algemeen bekend nie, terwyl die eienaars van ander hulle eers betreklik onlangs op wynbou begin toelê het.

Terwyl dr Pama die herhuise en die wynbou beskryf, benader 'ed Hoefsloot die onderwerp uit 'n visuele oogpunt. Die werk bevat 'n aantal aantreklike tekeninge van hierdie skilder waarin die aandag merendeels op die gebou val. Sy eenvoud van lyn en kleur gryp die verbeelding aan maar dit is terselfdertyd ook korrekte, byna gespesialiseerde sketse.

Die werk sluit 'n uitgebreide bibliografie in, maar beskik ongelukkig nie oor 'n register nie. Die werk is besonder aantreklik uitgegee, die inligting ter sake en die illustrasies verhelderend. Nie alleen die besoeker aan die Kaap nie, maar ook die kenner sal baie genot uit hierdie werk put.

F.G.E. NILANT  
Universiteit van Pretoria

H.J. VAN ASWEGEN, *Geskiedenis van Afrika. Van die vroegste oorspronge tot onafhanklikheid*, H & R-Academica, Pretoria en Kaapstad, 1980, 557 pp., indeks, illus.

Die verskyning van 'n algemene geskiedenis van Afrika is 'n gebeurtenis van besondere betekenis in akademiese kringe omdat daar maar nog net 'n handvol sulke publikasies bestaan. Wanneer so 'n geskiedenis in Afrikaans uit die pen van 'n Afrikanerhistorikus die lig sien is dit soveel belangwekkender. Belangriké aanvoorwerk in dié verband is weliswaar sewe jaar gelede gedoen deur prof A.P.J. van Rensburg se boek *Aspekte van die geskiedenis van Afrika*. Dit was egter geen algemene geskiedenis nie en het slegs, soos die titel aandui, 'n aantal temas uit die geskiedenis van en die geskiedskrywing oor die kontinent in een band bymekaargebring. Van Aswegen se boek is dus werklik 'n baanbrekerswerk.

Dit is verblydend dat Afrikaanse studente nou 'n handboek oor die geskiedenis van Afrika van die vroegste beskawings tot in die tagtigerjare ter hand kan neem. Dit behoort baie daartoe by te dra om die studie van die geskiedenis van dié kontinent waarvan hulle inwoners is vir Afrikaanse studente iets heel natuurlik te maak. Afrika-geskiedenis geniet in die skoolleerplan nog betreklik weinig aandag en daar word hoofsaaklik op die laaste eeu se geskiedenis gekonsentreer — kolonialisme, die verselfstandiging van Afrika en die kontinent in die moderne wêreld van die laaste twee dekades. Daarom is die studie van Afrika-geskiedenis in eie reg, van goed geordende beskawings wat groot hoogtes bereik het lank voordat Europeërs

met die kontinent kennis gemaak het, iets vreemds vir die universiteitstudent. As die Afrikaanse student boonop nog vir die eerste keer aan die hand van 'n Engelstalige handboek met dié geskiedenis kennis maak, beleef hy dit des te meer as iets verwyderds. Met 'n betroubare en deeglike Afrikaanse handboek as gids sal dit vir hom soveel natuurliker voorkom en sal hy des te beter met die geskiedenis van die kontinent kan identifiseer. Hierin lê myns insiens die grootste betekenis van hierdie werk.

By die bepaling van die wetenskaplike waarde van die publikasie mag oorwegings van taalmedium egter nie deurslaggewend wees nie. Die werk moet suiwer op akademiese basis beoordeel word en die vraag moet gestel word of dit op meriete sy plek langs ander algemene geskiedenis kan inneem. Die antwoord hierop is positief. Van Aswegen het 'n standaardwerk daargestel wat slaag in sy doel, om "'n inleiding tot die geskiedenis van Afrika en sy ryke verskeidenheid inwoners te bied". (Voorwoord). Weliswaar gaan dit mank aan die gebrek van 'n oormatige klem op politieke gebeure, met die gevolglike verwaarlosing van sosiale, ekonomiese en ander faktore. Maar hierin stem dit ooreen met die meeste geskiedenis van Afrika. Afrika-geskiedskrywing is nog jonk; dit is eers ná die Tweede Wêreldoorlog dat historici tot die besef gekom het dat Afrika afgesien van koloniseringsgeskiedenis wel sy eie geskiedenis het en dat pogings aangewend is om dit te beskryf. Namate die geskiedskrywing ontwikkel en volwasse word sal hierdie tekortkoming ook hopelik uitgeskakel word.

Van Aswegen se styl is sober, hoewel nie opwindend nie. Wat 'n mens graag in hierdie werk sou wou gesien het is die klaarheid van insig en interpretasie wat Oliver en Fage se *Short history of Africa* kenmerk. Van Aswegen is geneigd om baie feitelik te werk te gaan en vertolking aan die leser self oor te laat. Dit is immers die taak van die historikus om ook te verklaar en te interpreteer en 'n mens sou meer hiervan wou gesien het. Wanneer die skrywer byvoorbeeld die Portugese aktiwiteite van die 15de tot die 19de eeu in Afrika ná 'n oorsig daarvan kenskets, geskied dit in suiwer politieke terme. Daar word klem gelê op die verlies van lewenskragtigheid in die Portugese optrede en die gebrek aan 'n "deeglik omlynde koloniale beleid" (p. 139). Nêrens is daar 'n verwysing na die vernietigende uitwerking van die Portugese optrede op die Bakongo en Ndongo van Angola nie. Dit is byna asof die *mens* in die geskiedenis genegeer word terwyl die klem op abstrakte stelsels en beleid geplaas word. In hierdie opsig is Oliver en Fage baie meer eksplisiet wanneer hulle sê die Portugeses binnedringing "was almost wholly injurious to the African societies with which they came into direct contract."

Die probleem hang waarskynlik saam met die strydvraag omtrent morele oordele in die geskiedskrywing. Sommige historici is van mening dat hierdie soort oordele heeltemal vermy moet word en dit is moontlik die oorweging wat die skrywer daarvan weerhou om hierdie soort kommentaar te lewer. Dit is egter onteenseglik waar dat dié soort benadering lei tot kleurloosheid in die geskiedskrywing.

Van Aswegen se werk slaag beslis as 'n inleiding tot die geskiedenis van die kontinent. Dit getuig van wye belesenheid en bevat die volledigste bronnelys wat nog ooit in 'n algemene geskiedenis van Afrika verskyn het. Dit behoort sowel aan Afrikaanse universiteite as elders inslag te vind.

D.H. HEYDENRYCH  
*Universiteit van Pretoria*

JOHN M. WALLACE, *Destiny his choice: the loyalism of Andrew Marvell*, Cambridge University Press Cambridge, etc., 1980, Paperback, x + 266 pp., index.

One thinks of Andrew Marvell as a metaphysical poet, not as a politician in the English revolutionary period. But this paperback edition of Professor John Wallace's book (first published in 1968) is a consideration of Marvell's political career as well as an examination of his poetry and prose. Therefore, it is, at one and the same time, historical and literary in approach. This might sound over-ambitious, but the marriage is a happy one.

Professor Wallace attempts to show that Marvell remained consistent in his political outlook throughout the period 1629 to 1660, despite his changes of allegiance from Charles I to Cromwell and then to Charles II after the Restoration. Wallace's argument is that this was not plain "opportunism" on the part of Marvell, but rather "loyalism" to a strong personal government. The title captures "in a span" the writer's theory that Marvell accepted, above everything else, the providence of God and that history is providential (the whig position) — Marvell made "destiny his choice". However, the poet was not a "royalist" because of his loyalism. Instead, his brand of loyalism saw in change the possibility of something better, and he cared little about the form of government as long as it was just.

The first chapter is a meticulous analysis of loyalism, and Marvell's poetry and prose is expertly set in its historical context. What is especially useful is that Wallace shows Marvell to be one of a small group of moderate Englishmen who chose peace above the institution of monarchy. By providing copious informa-

tion about this centre group within English revolutionary society (which has not been discussed in as much detail in earlier works on seventeenth century England) we come to appreciate that labelling Marvell a "turncoat" is an over-simplification. A most interesting feature of this moderate party is that the constitutionalism espoused by its adherents, including Marvell, survived the upheavals of the period. The poet's principles remained immutable: he detested the republican aspects of the revolution and possessed a "dread of the passionate rabble" (p. 203); he opposed the overpowering domination of ecclesiastical authority; and he was content with whatever government God saw fit to put in power, even the "unreligious nature" of Charles II's rule (p. 183). But, he defended his right to appeal against injustice perpetrated by any government.

The discussion of the "Horatian Ode" and "The First Anniversary" within the context of contemporary pamphlet controversy helps our understanding of these poems. In the ode, Marvell provides a comparison between Charles I and Cromwell and a fine balance is maintained between the attributes of each ruler. However, one is left with Cromwell's overwhelming potential as a national leader. Wallace reinforces this impression, declaring that, for Marvell, "Whatever their (the English people's) politics, or their past allegiance, or their religion, they ought to recognize in Cromwell the man chosen by God ..." (p. 105). Strong evidence is led that Marvell favoured the movement to have Cromwell crowned and that he entertained "millinarian" hopes once the Commonwealth had been established.

The next shift in allegiance came with the Restoration and Wallace's verdict is that such "Loyalism, by accepting the present and not rejecting the past, did not meet the future with a categorical opinion that a Stuart monarchy must be wrong ... it affirmed the need for an English monarchy ...". Marvell's conviction that the "providential constitution" should persist without change must have caused him to feel that the disruption of the civil war had been disadvantageous. This is borne out by his overly gallant and "naive" reverence for Charles II and his prose works (dealt with in chapter five). On the other hand, in "The Last Instructions to a Painter", Marvell fiercely opposed Charles II's administration — but the King's ministers, not Charles, were at the butt-end of his satire (chapter four). The poem also contains an explicit appeal to the King to "choose his ministers from the country party" and "to distrust the courtiers". He disapproved strongly of the corruption under Charles II.

Throughout the book, Professor Wallace is at pains to dismiss any suggestion that "Marvellian loyalism" might be construed as a fatalistic passivity or mere "religious acquiescence" by constantly reminding the reader of the "heat with which it (loyalism) rejects republican government of all kinds, and the passion of its support for a Single Person in the constitution" (p. 183).

The final chapter on the poem, "Upon Appleton House", which confirms the theme of "Destiny his choice", is adjudged Marvell's "parting gesture" on resigning his service with Lord Fairfax to take up a position under Cromwell.

Wallace's book is a formidable piece of scholarship and it defies the outdated — but alas not yet debunked — assumption that literary critics, like the author, have no business in the practice of history. Conversely, it shows how essential it is for historians to understand the literature of an age.

This latest paperback edition is very welcome.

G.C. CUTHBERTSON  
*University of South Africa*